# *tippet 100*

**Ons winterkombers is reeds 36 jaar oud. Hy het ons gehelp deur baie jare van koue Hoëveld-winters.**

**Ons het vandag eintlik min dinge wat lank hou. Ons vervaardig, gebruik en gooi weg. Ek wonder of dit ons koppe ook verlei om korttermyn te dink...**

**Wat doen ek vandag wat langer waarde het? Dalk 'n verhouding wat vir my kosbaar is? Dalk 5 minute vir iemand anders wat swaartrek? 'n Vaste verbintenis om te oefen, of te bly leer, of anders te begin dink oor 'n bepaalde faset my lewe?**

**Die paradoks: in ons kort bestaan moet ons "lank" begin leef...**

**Francois Retief**

**11 Junie 2018**